

Herkoms van Beroemde Lied

Toerien die Digter en Sarie Maré die Inspirasie

deur J. P. TOERIEN

DIE herkoms van „Sarie Marais”, wat vandag in ons land seker die populêrste Afrikaanse lied is en selfs in die buiteland bekendheid verwerf het, is aan die end van 1937 in die openbare pers en in tydskrifte in ons land druk bespreek, maar blykbaar is daar nooit met sekerheid vasgestel wie die skrywer van die woorde van die lied was nie. Aanleiding tot die bespreking was ’n berig in *Die Volksblad* van Maandag, 8 November 1937, ten effekte dat die Bloemfonteinse tak van die Handhawersbond onder die indruk gebring is dat Sarie Marais, ter ere van wie die lied gedig is, nog gelewe het en dat sy mev. J. P. Toerien van Bloemfontein was.

Mev. Toerien (geb. Susara Margaretha Maré), in haar nooiensdae bekend as Sarie Maré, van wie beweer is dat sy die persoon was wat „daar onder in die mielies by die groen doringboom” gewoon het, het egter volgens *Die Volksblad* van 18 November 1939 ontken dat sy enigiets weet van die ontstaan van die lied, en sy het selfs te kenne gegee dat sy nooit die lied gedurende die Tweede Vryheidsoorlog hoor sing het nie. Sy het verder verklaar dat dit onwaarskynlik was dat haar eggenoot die woorde gedig het, want alles wat hy geskryf het, het hy aan haar getoon, en sy het die gedig „Sarie Marais” nooit gesien nie.

Artikels oor die herkoms van die lied het ook in ander blaaië verskyn. So lees ons byvoorbeeld in die Johannesburgse *Sunday Express* van 14 November 1937 dat Sarie se tagtigjarige oom, mnr. Tobias Johannes Maré, ’n rustende sendeling, aan ’n verteenwoordiger van die blad meegedeel het dat sy wel die „Sarie” van die lied is. Mnr. Maré het volgens gemelde blad verklaar: „Ek het Sarie baie goed geken. Sy is met mnr. Jacobus Toerien van die Paarl getroud. Hy was eertyds redakteur van *Die Patriot*, wat nou nie meer bestaan nie. Nadat sy op Middelburg gewoon het totdat mnr. Toerien enige jare gelede oorlede is, het Sarie na Bloemfontein vertrek, waar sy haar metterwoon gevestig het.” En dan vervolg die verslaggewer: „Mnr. Maré het verklaar dat die huidige spelling van Maré, soos in die lied gebesig, verkeerd is. Hy het aan my ’n oorspronklike afskrif getoon wat moontlik die enigste bestaande kopie van die lied is, waarin die spelling voorkom as „Sarie Maré.”

Uit die *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* deur drs. P. J. en G. S. Nienaber haal ek die volgende aan oor die bydrae van Toerien tot die Afrikaanse letterkunde van die tydperk van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging: „Volgens getuienisse van verskillende persone wat Toerien geken het, het hy kort vóór die Engelse Oorlog, toe hy in die Kolonie was, „Sarie Marais” op haar (sy eggenote) gedig. Die drukker het per abuis die spelling verander. Mev. Toerien het egter beslis ontken dat sy dié Sarie

Marais van die lied is, en miskien om een of ander rede.”

By geleentheid van haar afsterwe op 22 Desember 1939 het daar weer verwysings na hierdie saak in die pers verskyn. Die *Sunday Times* het o.a. geskryf: „Mev. J. P. Toerien, wat deur sommige beskou is as die inspirasie vir die versies van die welbekende Afrikaanse lied „Sarie Marais”, is vandeeweek op Bloemfontein in die ouderdom van 73 jaar oorlede.... Wyle mev. Toerien het egter beslis ontken dat haar eggenoot die digter van „Sarie Marais” was, maar sommige mense beskou hierdie ontkenning bloot as beskeidenheid aan haar kant.”

Alvorens oor te gaan tot vermelding van die gegewens deur my ingesamel in verband met die ontstaan van „Sarie Marais”, sal dit nie onvanpas wees nie om hier een en ander mee te deel omtrent die lewe van die man wat volgens diegene wat hom goed geken het, die woorde van die bekende lied gedig het. Hy was Jacobus Petrus Toerien, wat tydens die Eerste Afrikaanse Taalbeweging onder die skuilnaam „Jepete” geskrywe het. Hy is op 18 November 1859 in die Paarl gebore en was die vyfde oudste kind in ’n gesin van nege. „Jepete” het sy skoolopleiding aan die Paarlse Gimnasium geniet en was lidmaat van die Paarlse gemeente. Hy is opgevoed in ’n streng godsdienstige atmosfeer en was van ’n ingetoe geardeheid. In sy jongelingsjare was „Jepete” lid van die „Union Debating Society” aan die Paarl, en onder die lede van die vereniging was hy bekend as „die Filosoof” omdat hy altyd so diep in gedagte was en nooit aan die kaskenades van die ander lede meegedoen het nie.

Voordat „Jepete” uit die Paarl na Transvaal vertrek het, was hy eers bankklerk en daarna enige jare werksaam by die Paarlse Drukkery as sub-redakteur van die *Patriot*, terwyl hy ds. S. J. du Toit ook gehelp het met *Ons Klyntji*.

Om en by 1883, d.w.s. ’n paar jaar voor die ontdekking van die goudvelde, is „Jepete” na Transvaal. In Pretoria het hy vir die eerste keer met Sarie Maré en haar ouers in aanraking gekom, want haar vader was destyds lid van die Uitvoerende Raad van die Transvaalse Republiek. En so het hy gestadig kontak met die Boland en sy geboortedorp verloor, want in Transvaal het hy hom met die volk in sy stryd om die behoud van die vryheid vereenselwig.

Op 19 Desember 1884 is hy op Pretoria getroud met Sarie Maré, wat op 15 April 1868 in die distrik Heidelberg, Transvaal, gebore is. Uit die huwelik is sestien kinders gebore, agt van wie nog in lewe is. Aan die begin van hul huwelikslewe was hulle op Pretoria woonagtig, waar „Jepete” sy nuusblad *De Republikein* opgerig het, op aansporing, so word verklaar, van

die „Afrikaner Party” van die Paarl, d.w.s. die Genootskap van Regte Afrikaners.

Te oordeel na ’n paar eksemplare van die blad wat bewaar gebly het, het „Jepete” hom egter nie van Afrikaans bedien nie. Alles behalwe sekere advertensies, soos by dié van die eerste Afrikaanse nuusblad *Die Afrikaanse Patriot*, was in Nederlands. *De Republikein* het elke Woensdag verskyn. Wanneer dit tot niet gegaan het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.

Behalwe joernalis was Toerien ook sekretaris en algemene bestuurder van ’n tabakmaatskappy, die aandeelhouers waarvan meestal Paarlite was. Hy was sekretaris *pro tem* van die „Leeuwpoot Goudmijn Maatschappij, Beperkt”, wat omstreeks 1885 met ’n kapitaal van £19,000 opgerig sou word. Die voorlopige komitee van daardie Maatskappy het bestaan uit kommandant-generaal R. J. Joubert, J. S. Marais, Ouditeur-generaal, S. J. du Toit, Superintendent-generaal van Onderwys, D. C. de Waal, L.W.V., Kaapstad, en H. D. Stiglingh, burgemeester van Beaconsfield en besturende direkteur van die „European Diamond Mining Co.” Kimberley. Dit is nogal eenaardig dat staatsamptenare destyds toegelaat is om aan sulke ondernemings mee te doen. „Het Koloniaal-Transvaal Syndicaat”, met ’n kapitaal van £10,000, was ’n ander maatskappy wat Toerien gestig het om te prospekteer na edelmetaal en edelgesteentes op sekere plase in die distrikte Middelburg, Lydenburg en Waterberg.

Om gesondheidsredes, so word verklaar, het „Jepete” hom ongeveer in 1890 op Middelburg, Transvaal, gaan vestig. Daar het hy ’n nuwe koerantbesigheid gestig. Volgens drs. P. J. en G. S. Nienaber¹⁾ het „Jepete” die *Barberton and Middelburg Herald* uitgegee. Dit mag wees dat dit ’n Engelse uitgawe was van sy *Middelburg en Belfast Herald*, wat volgens familiebetrekkings en ook volgens *Die Volksblad* van 19 November 1937 deur hom uitgegee is.

„Jepete” was ’n vurige voorstander van Afrikaans en die Afrikanersaak. Hy het Transvaler in murg en been geword en al die geluk en teenspoed van daardie veelbewoë tydperk meegemaak. Op een tydstip was hy ’n betreklik welgestelde man, maar by sy dood het hy nie juis veel besit nie. Dit moet o.a. toegeskryf word aan die mislukking van sommige van sy ondernemings en ook aan die verwoesting van sy drukkery en boekwinkel op Middelburg deur brand. As gevolg van daardie brand het baie van sy oorspronklike stukke verlore gegaan, en wie weet, miskien ook die oorspronklike kopie van „Sarie Marais” in sy eie

¹⁾ *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*, bl. 211.

handskrif. Op 3 Mei 1920 is hy op Middelburg aan malaria oorlede en aldaar ter aarde bestel.

Mev. Toerien se ontkenning in 1937 dat sy die „Sarie” van die lied was, het voorlopig ’n einde

blad het hulle egter baie ontstel, want twee dae nadat dit verskyn het, maak een van die dogters van mev. Toerien haar verskyning by my op kantoor. Met ’n klank van aandoening in haar stem vestig sy my aandag op die brief in die koerant. My eerste reaksie op haar versoek om ’n antwoord op die aantygings daarin te skryf, was om aan haar mee te deel dat dit



Sarie Maré as jong meisie. Sy is die „Sarie” wat in die bekende Afrikaanse liedjie besing word.

gemaak aan die gissinge oor die oorsprong van die lied. Maar op Donderdag, 5 Maart 1942, verskyn daar ’n brief in *Die Volksblad* waarin die mening uitgespreek word dat die skrywer van die woorde van „Sarie Marais” uit pappbroekland afkomstig moes wees, want daarom is hy „so bang dat die Kakies (hom) sou vang en ver oordie see sou stuur.” Die persoon doen dan ’n beroep op almal om dié woorde van die lied nie meer te sing nie, want, sê hy: „Ek glo onder ons Boerevolk is daar geen lafaards wat vlug nie, en dit nogal vir ’n Kakie!”

Daar ek destyds in Bloemfontein werksaam was, het ek dikwels met my niggies, die dogters van mev. Toerien, in aanraking gekom. Maar tot op hierdie stadium het hulle nooit die herkoms van die lied „Sarie Marais” met my bespreek nie, en ek het ook nie juis veel belang daarin gestel nie.

Die gemelde brief in *Die Volks-*

onsin was en dat dit beter sou wees om die brief te ignoreer. Maar daarmee was sy nie tevrede nie. Haar pa het „Sarie Marais” op haar moeder gedig en sy goeie naam is deur die skrywer van die brief beswadder. Met betreende van die Afrikanerdom, waar die Eerste Afrikaanse Taalbeweging ontstaan gehad het en waartoe die digter van „Sarie Marais” ook sy deel bygedra het. Voorts dat in die dae toe die Afrikaanse taal verag is, dit die digter van „Sarie Marais” was wat deur middel van

sy geskryfte en andersins vir hierdie taal gestry het. Ek het my brief afgesluit met die woorde: „Al verdoem mnr. . . . die woorde, 'n egte Afrikaanse produk, en prys hy die musiek, 'n ingevoerde artikel van oorsee, 'Sarie Marais' sal voortleef onder ons volk, Afrikaans-sowel as Engelssprekend, lank nadat mnr. . . . en ek reeds van die toneel verdwyn het.”

As gevolg van my brief is ek deur verskillende persone, o.w. historici, om meer inligting genader, en dit het my aangespoor om verder op die saak in te gaan. Ook uit die buiteland het ek briewe omtrent die saak ontvang, want my antwoord in *Die Volksblad* het spoedig onder ons troepe in Noord-Afrika weerklink gevind, en selfs uit Nu-Seeland het reaksie gekom. „Sarie Marais” het as gevolg van die oorlog wêreldbekendheid verworf, vandaar al die belangstelling, in ons land sowel as in die buiteland. Dit het die populêrste Afrikaanse lied geword, en daar is selfs 'n fonetiese oorsetting daarvan opgestel vir gebruik deur die Amerikaanse troepe.

Al vier mev. Toerien se dogters wat tans in Bloemfontein woonagtig is, het my verseker dat hul moeder die Sarie van die lied is en

lied was. Sy was ontvrede oor al die ophef en het hulle meegedeel dat sy geen eer vir haarself wou inoos nie. Later het sy egter in 'n onderhoud met 'n junior verslaggewer van *Die Volksblad* erken dat sy wel die besieling van die digter was en dat haar eggenoot „Sarie Marais” ter ere van haar gedig het. Sy het egter die verslaggewer gevra om sy artikel aan haar voor te lê voordat dit gepubliseer word. Later toe die artikel deur die opsteller in die teenwoordigheid van 'n senior verslaggewer van die blad aan haar getoon is, het sy alles ontken. Vandaar die berig in *Die Volksblad* van 18 November 1937 dat sy verklaar het dat sy nie die „Sarie” van die lied was nie. Sy het wel gesê: „Later sal dit wel bekend word wie „Sarie Marais” was.”

Om reg te begryp wat agter hierdie skielike ommeswaai van mev. Toerien geskied het, moet 'n mens 'n bietjie in haar sielelewe peil. Sy was innig godsdienstig en so iets as selfverheerliking het haar teen die bors gestuit. Vir haar sou dit 'n sonde gewees het om haarself te leen tot wat sy beskou het as self-adverteerery in die openbare pers. Dit sou teen haar godsdienstige ingedruis het. Sy het

van die lied geskryf is, want sy het vermoed dat hy daardie portret vir publikasie wou hê. Maar hy het darem sy doel bereik deur 'n portret van een van die dogters te verkry, sonder die medewete van mev. Toerien. 'n Afdruk van hierdie portret het later in *Die Transvaler* boeskyn, saam met 'n onderhoud met gemelde broer van mev. Toerien. In daardie onderhoud het mnr. Maré verklaar dat sy die „Sarie” van die lied en haar eggenoot die digter van die woorde is. Hierdie feit is gestaaf deur die verklaring van wyle eerw. Jan Maré, 'n boesemvriend van die digter, soos reeds hierbo vermeld is. Dan word ook vertel dat die oudste dogter van mev. Toerien wat aan die end van verlede jaar in Londen oorlede is en getroud was met wyle dr. Rupert C. Thomas, Sekretaris van die British Israel Society, verklaar het dat sy in haar kinderdae haar pa self hoor sê het dat hy die woorde van „Sarie Marais” gedig het. Volgens haar is „Sarie Marais” tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Boere by Steenkampsberg in die distrik Lydenburg gesing.

Mev. Toerien was enigszins geheimsinnig van geaardheid. Sy het boonop 'n baie sterk persoonlikheid gehad en feitlik die ander lede van haar gesin oorskadu. Niks kon geskied sonder dat dit die stempel van haar goedkeuring gedra het nie. Maar aan die ander kant was sy baie goeiehartig. 'n Voorbeeld hiervan is dat sy dikwels met haar skamele inkomste vrugte en ander lekkernye gekoop en dit onder die pasiënte by die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein gaan uitdeel het.

Die kinders van „Jepete” en mev. Toerien is almal eerbare en godsdienstige mense, en hulle sal nooit daaraan dink om 'n onwaarheid te verkondig nie, 'n seer seker nie oor 'n saak van hierdie aard nie. Hul dryfveer om my in verband met die saak te nader, was alleen om te weêrlê wat die genoemde briëfskrywer in *Die Volksblad* van die digter van „Sarie Marais”, en dus van hul vader, gesê het. Dit was 'n spontane begeerte om die goeie naam van hul vader te verdedig, en geen argument van my kant kon hulle tevrede stel om die saak maar daar te laat nie. Toe dit later blyk dat my brief die gewenste uitwerking gehad het, het hulle die saak as afgehandel beskou. My belangstelling in die saak was egter aangewakker en daarom het hierdie artikel ontstaan.

Die musiek van „Sarie Marais” het, soos vry algemeen bekend is, sy oorsprong in die Verenigde State gehad. Dit is die musiek van die lied „Ellie Rhee”, gekomponeer deur Septimus Winner, 'n Amerikaanse vioolspeler wat in 1827 in die stad Philadelphia gebore en in 1902 oorlede is. Winner het sy musiek onder verskillende skuilname uitgegee, soos byvoorbeeld „Alice Hawthorne”. Onder hierdie naam is „Listen to the Mocking Bird” gepubliseer.

Dit was geen seldsaamheid vir „Jepete” om aan een of ander familiebetrekking 'n vermaning te stuur in die vorm van 'n gediggie nie. In een van sy manuskripboeke wat bewaar gebly het, kom daar vyf sulke gediggies voor. almal in Engels. Een daarvan is gedig vir Olive de Kock, die verloofde van Japie Maré, broer van Sarie, wat op 19 Desember 1901 tussen Dullstroom en Lydenburg gewond is tydens die bestorming van 'n blokhuis en op 11 Februarie

1902 in die hospitaal op Machadodorp oorlede is. Selfs „Jepete” se huweliksaanzoek aan Sarie was in digvorm, en daardie gedig het Sarie haar hele lewe lank bewaar. Toe sy egter die dood voel nader, het sy dit deur een van haar dogters laat vernietig, want sy wou nie hê dat ander dit moes lees nie.

'n Ander feit wat moontlik daarop dui dat „Jepete” die woorde van „Sarie Marais” gedig het, was dat hy baie daarvan gehou het om gedigte te maak en dit dan te laat toonset of die musiek van een of ander reeds bestaande lied vir sy eie gedig te kies. Die musiek van „Jepete” se „Afrikaner Lied”, wat moes dien as 'n volkslied vir die Afrikaner, is byvoorbeeld gekomponeer deur sy jongste suster Jeanette (Jenny), destyds musiekonderwyseres aan die Paarl en later getroud met ds. J. Rudolph Hugo. 'n Deel van die oorspronklike musiek in die handskrif van die komponis is in my besit. 'n Ander gedig van hom, aangepas by die musiek van „Een bloempje gaf de tuinman mij”, is die volgende:

„OP NAG VOLG DAG.

Di Skepping in haar rouwgewaad,
Sit donkerheid op di troon,
Totdat di vroege dageraad,
Sig aan di Hemel toon,
Dan vlieg di nag, dan breek di dag,
Dan lijk di wêreld skoon.

So gaat dit oek de mens op aard,
As noodlot hom bestry,
Dan sug hy: „Ag hoeseer ont-aard,
Maak druk tog ni vir my?”
Straks wyk di druk,
Straks kom geluk,
Dan voel syn hart weer bly!

Daarom seg nooit vaarwel aan „Hoop”,
Hoe donker oek di nag,
Wil nooit jou moed, geduld laat loop,
Al staat een ramp te wag,
Di donker skeur,
Di lig breek deur,
Dan staat jy weer te lag,
Vol krag.”

Bostaande gediggie is blykbaar later deur „Jepete” verwerk en in gewysigde vorm in *Ons Klyntji* van November 1897 gepubliseer.

Daar bestaan ook 'n Engelse gediggie wat deur „Jepete” ter ere van sy vrou gemaak is. So merk ons dus op die neiging by hom om Sarie in sy gedigte te besing en sy liefde aan haar uit te stort. Spontaan wel dit dus by hom op en sing hy:

„My Sarie Mafais is so ver van my hart,
Maar 'k hoop om haar weer te sien,
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon,
Nog voor die oorlog het begin.

O bring my trug na die ou Transvaal,
Daar waar my Sarie woon,
Daar onder in die mielies by die groen doringboom,
Daar woon my Sarie Marais.
Daar onder in die mielies by die groen doringboom,
Daar woon my Sarie Marais.”



J. P. Toerien, wat as skrywer bekend was onder die skuilnaam „Jepete”.

dat hul vader die woorde gedig het. Selfs lank voordat die saak in die pers aanhangig gemaak is, het een van haar dogters terloops aan haar gevra of sy die Sarie van die lied was, maar sy het net geglimlag. By 'n ander geleentheid het sy haar seun versoek om tog nie die grammofoonplaat „Sarie Marais” te speel nie, blykbaar omdat dit droewige herinneringe opgewek het. Toe al het sy gesê: „Na my dood sal dit bekend word wie „Sarie Marais” was.”

In November 1937 is mev. Toerien deur die Handhawersbond van Bloemfontein genader om te verneem of sy die Sarie van die

dus blykbaar gevoel, nadat sy in die eerste plaas alles erken het, dat sy 'n fout begaan het. En tog het sy gesê: „Dit sal later bekend word wie „Sarie Marais” was.” Daarvan moet 'n mens aflei dat sy gevoel het dat daar na haar dood wel genoeg tyd sou wees om die feite aan die lig te bring. Hierdie teësin van mev. Toerien om die oorsaak te wees van 'n ophef in die openbare pers kom ook duidelik te voorskyn in haar weiering om aan haar broer mnr. D. E. E. Maré van Troyeville, Johannesburg, 'n portret van haarself en haar eggenoot te leen toe daar in die pers oor die herkoms